ROMEINE 7: DIE "DOOIE" MENS!!

Paulus spreek in hierdie deel weereens die aspek van die "Wet" aan. Hy was bewus van die feit dat die Geestelike leiers van die dag die mense geleer het dat ons "werke" moes byvoeg tot ons wedergeboorte om God se geregtigheid te ontvang.

IN ROM 7 PRAAT PAULUS IN SIMBOLIESE TAAL DEUR ONS VERHOUDING MET SONDE EN ONS VERHOUDING MET CHRISTUS TE VERGELYK MET 'N MAN EN 'N VROU IN 'N HUWELIK.

Rom 7:1 *Of weet julle nie, broeders want ek spreek met mense wat die wet ken dat die wet oor die mens heers so lank as hy lewe nie?*
Rom 7:2 *Want die getroude vrou is deur die wet aan die lewende man gebonde; maar as die man sterwe, is sy ontslae van die wet van die man.*
Rom 7:3 *Daarom dan, as sy 'n ander man s'n word terwyl haar man lewe, sal sy 'n egbreekster genoem word; maar as die man sterwe, is sy vry van die wet, sodat sy nie 'n egbreekster is as sy 'n ander man s'n word nie.*
Rom 7:4 *So, my broeders, is julle dan ook **ten opsigte van die wet dood** deur die liggaam van Christus, om aan 'n ander te behoort, naamlik aan Hom wat uit die dode opgewek is, sodat ons tot eer van God vrugte kan dra.*
Rom 7:5 *Want toe ons in die vlees was, het die sondige hartstogte wat deur die wet kom, in ons lede gewerk om vir die dood vrugte te dra.*
Rom 7:6 *Maar nou is ons ontslae van die wet waardeur ons gebonde was, aangesien ons dit afgesterf het, sodat ons dien in die nuwigheid van die Gees en nie in die oudheid van die letter nie.*

Die vrou (*Ons*) was voorheen getroud (*met die lewe van sonde, los van Christus*) maar die vorige huwelik (*eenheid met sonde*) is verby, en die vrou het weer getrou en staan nou in 'n huwelik met Christus. Maar die vrou (*wedergeborene*) verlang steeds na die vorige man (*lewe van sonde*), maar hierdie man (*sonde*) is dood/vernietig, en die huwelik (*die eenheid met sonde*) het tot 'n einde gekom sodat die vrou in die nuwe verhouding kan leef.

NB:-

1. Die "wet" in die vorige huwelik – was Satan se wet van sonde en dood, Rom 8 praat van hierdie wet. Dit sluit in om te werk om beter te wees en te probeer om jouself te regverdig en red; wat natuurlik nooit suksesvol kan wees nie.
2. Die "Wet" wat in werking getree het in die nuwe huwelik, was die Wet van Moses, want die vrou is steeds net gewoont aan 'n "Wet" wat ons lewens bestuur. Hierdie wet was nou ook aan die gemeente lede verkondig deur wettiese leraars om werke BY die geloof te voeg tot geregtigheid. Maar hierdie Wet sou net die sonde in die nuwe lewe meer beklemtoon, maar geen verlossing/rus/oorwinning/lewe bring nie.
3. Jy kannie die wet en Christus dien nie – dis om geestelike egbreek te pleeg !!

KOM ONS KYK NET EERS WEER NA GEREGTIGHEID (Om Gered Te Word) IN DIE OU TESTAMENT:

- Die ou Testament praat gewoonlik van die mens se siel en gees as dieselfde. Onthou dat die gees in die ou testament NIE WEER GEBORE was nie !! -- Dit kom NA die kruis van Jesus.
  - In die ou Testament was 'n persoon gered deur sy werke van geregtigheid. Abraham het God geglo en dit was hom "GEREKENING" tot geregtigheid. **Gen 15:6**
    - Abraham het iets GEDOEN in lyn met God se verwagtinge, en hy was GEREKEN om regverdig te wees.
  - In die ou Testament het jou gees begin lewe op grond van DIT WAT JY GEDOEN het in lyn met God se geregtigheid, of later – in lyn met die Wet van Moses. Jy het deur jou gehoorsaamheid, geregtigheid ontvang.
  - Jy het met jou **siel** in lyn gekom met God, deur jou wil/denke/emosies het jy God gedien en lief gekry, **dit** het gelei tot jou werke van geregtigheid en **dit** was jou gereken tot geregtigheid; en jou dooie gees het binne in die mens begin lewe kry. Jou GEESTELIKE lewe het dus gekom AS GEVOLG VAN jou SIEL wat gehoorsaam was – **JOU werke !!**
  - En dis hoekom dit SO moeilik is vir die mens om van hierdie nosie af weg te beweeg dat redding en geregtigheid kom NIE DEUR JOU WERKE – MAAR DEUR GELOOF EN GENADE.

- MAAR IN DIE NUWE TESTAMENT word ons gered NET op grond van ons geloof in Jesus Christus as die Seun van God.
  - Die groot verskil hier in die nuwe Testament is dit:-
    - Ons word gered op grond van wat Jesus aan die kruis gedoen het
    - Geregtigheid word NIE aan ons toegereken soos Abraham nie – NEE – ons **IS** die geregtigheid **VAN** God in Christus Jesus – **2 Kor 5:21**
    - Dis anders om iets toegereken te word – en om iets te WORD !!
    - Ons gees word UIT GOD UIT gebore en in ons geplaas – ons word WEER gebore, maar nie in die liggaam nie – in gees.
    - Die gees is volmaak gered en verlos – die siel staan appart en het geen invloed gehad op die geestelike geboorte nie!!

In die Ou Testament kan ons die gesegde toepas:- as jy dit doen – dan het jy dit, as jy dit nie doen nie – het jy dit nie.
  - Bedoelende – jys net gered solank as wat jy so leef – jou werke = jou redding/verlorenheid

Dis NIE WAAR vir die era van genade nie, jy kan steeds gered wees – AL LYK JOU LEWE NIE ALTYD SO NIE !!
  - En dis waar die kerk lidmate mekaar verdryf met veroordeling en aanklagte. Deur geestelike hoogmoed word sommiges verhef en ander verdryf, maar dis NIE God se benadering – Sy benadering is GENADE/GEDULD/LIEFDE/VERLOSSING VAN DIE SIEL (*want die wedergebore gees is REEDS gered*) wat gebeur **oor tyd** soos wat die denke vernuwe word – die werk van die Heilige Gees !!
  - Tydens hierdie periode van swakheid en onvolwassenheid ontvang ju nie God se toorn nie, maar Sy genade wat jou lei tot 'n meer volwasse persoon IN CHRISTUS.

TERUG BY DIE "VROU" VAN ROMEINE 7:-

Hierdie vrou het nie die WARE EVANGELIE gehad nie.
Hierdie vrou het steeds vas gehou aan haar vorige man, die vorige wyse van gered word – deur werke, deur die Wet!! Sy het steeds die beginsels van die vorige verhouding gevolg.
Nie op grond van iemand anders se werke (Jesus Christus) wat ons deur genade gratis ontvang nie!!

Rom 7:7 *Wat sal ons dan sê? Is die wet sonde? Nee, stellig nie! Inteendeel, ek sou die sonde nie anders as deur die wet geken het nie; want ek sou ook die begeerlikheid nie geken het nie as die wet nie gesê het: Jy mag nie begeer nie.*
Rom 7:8 *Maar die sonde het aanleiding gevind deur die gebod en in my allerhande begeerlikheid gewerk; want sonder die wet is die sonde dood.*
Rom 7:9 *En sonder die wet het ek vroeër gelewe, maar toe die gebod kom, het die sonde weer opgelewe en ek het gesterwe.*

- *"... en sonder die wet het ek vroeër gelewe..."*
  - Almal word gebore in sonde, maar die sonde heers nie oor jou terwyl daar geen wet is nie – terwyl jy nog 'n baba of suigeling in nie.
  - m.a.w. jy is nie verlore tydens 'n era waar jy nie weet van reg-en-verkeerd nie.
  - Daar is 'n tydperk van onskuld in die eerste jare van 'n mens se lewe, waar die kind in onskuld nie gebonde is aan 'n wet nie en sonde nie toegereken word nie – alle kinders is onskuldig en gaan hemel toe as hul sterf.
- *"...maar toe die gebod kom..."*
  - Toe die persoon bewus word van wat reg en verkeerd is; m.a.w. die wet van die kennis-van-goed-en-kwaad; nie noodwendig die wet van Moses nie – want geen heiden sal dit ken nie – eenvoudig die wet van die sonde.
- *"... het die sonde weer opgelewe..."*
  - toe het die persoon gebonde geraak aan die wet, en die wet het gelei tot sonde (*omdat jy weet wat verkeerd is, en tog dit doen*),
  - die sonde was dood tydens die tydperk waar daar geen wet was nie – die tydperk van onskuld.
  - Let op wat vers 8 sê: "*...want sonder die wet is die sonde dood."*
- *"... en ek het gesterwe."*

- en die persoon het geestelik gesterf a.g.v. die sonde.
- Ons weet nie wanneer hierdie punt is nie, daar is geen definitiewe antwoord of riglyn, net God ken hierdie punt in elke mens se lewe!!

Rom 7:10 *En die gebod wat die lewe moes wees, dié het vir my geblyk die dood te wees.*
Rom 7:11 *Want die sonde het aanleiding gevind deur die gebod en my verlei en daardeur gedood.*
Rom 7:12 *Dus is die wet heilig en die gebod is heilig en regverdig en goed.*
Rom 7:13 *Het die goeie dan vir my die dood geword? Nee, stellig nie! Maar wel die sonde, dat dit kon blyk sonde te wees, omdat dit deur die goeie vir my die dood bewerk, sodat die sonde deur die gebod uitermate sondig kon word.*
Rom 7:14 *Want ons weet dat die wet geestelik is, maar ek is vleeslik, verkoop onder die sonde.*

- Die wet het te doen met die geestelike dinge, nie die reels wat ons bind in werke nie.
- Maar hy sê dat ons ook in vleeslike liggame leef wat nog nie gehoorsaam is aan God soos my gees nie. Die vlees bly streef na sonde
- MAAR – hierdie persoon is nie die ware JY nie, JY is die wedergebore gees-mens. Iemand wat vas gevang is in die liggaam van vlees, maar jou ware identiteit IS NIE die vlees mens nie. Dis die mens wat gebind is aan die wet, die vrou wat nog smag na die vorige huwelik met sonde. Maar dit is die dooie mens.

Rom 7:15 *Want wat ek doen, weet ek nie; want wat ek wil, dit doen ek nie, maar wat ek haat, dit doen ek.*
Rom 7:16 *En as ek doen wat ek nie wil nie, dan stem ek die wet toe dat dit goed is.*
Rom 7:17 *Maar nou is dit nie meer ek wat dit doen nie, maar die sonde wat in my woon.*
Rom 7:18 *Want ek weet dat in my, dit wil sê in my vlees, niks goeds woon nie; want om te wil, is by my aanwesig, maar om goed te doen, dit vind ek nie.*
Rom 7:19 *Want die goeie wat ek wil, doen ek nie, maar die kwaad wat ek nie wil nie, dit doen ek.*
Rom 7:20 *Maar as ek doen wat ek nie wil nie, dan doen ek dit nie meer nie, maar die sonde wat in my woon.*

- Baie belangrik om te let dat Paulus NIE sy identiteit vind in sy sonde nie – hy sien nie homself as die slegte mens wat aanhou sondig nie – dis die vlees
- Let ook op wat Paulus sê:- "*Maar as ek doen wat ek nie wil nie...*"
- Hy sluit NIE in daardie sonde wat ons KIES OM IN TE WANDEL nie – dis nie hier gedek nie, maar die onwillikeurige sonde.

Rom 7:21 *Ek vind dus hierdie wet: as ek die goeie wil doen, is die kwaad by my aanwesig.*
Rom 7:22 *Want ek verlustig my in die wet van God na die innerlike mens;*
Rom 7:23 *maar ek sien 'n ander wet in my lede wat stryd voer teen die wet van my gemoed en my gevange neem onder die wet van die sonde wat in my lede is.*
Rom 7:24 *Ek, ellendige mens! Wie sal my verlos* ***van die liggaam van hierdie dood***?

- Die mens is liggaam/siel/gees. Die liggaam is SLEGS 'n HOUER (Engels: Cointainer/Vessel); soos 'n Klei pot.
- Die WARE EK is die gees mens – nie die uiterlike liggaam !! Dis slegs 'n "houer"
- **Die Bybel verwys na die wedergeborene as verskeie voorwerpe:-**
  - **Rom 9:22** *"**voorwerpe** (Engels: **Vessel**) van toorn"* (vir die verlorene) en *" **voorwerpe** (Engels: **Vessel**) van barmhartigheid* (vir die wedergeborene)
  - **Joh 15:5** *Ek is die wynstok, julle die **lote**.*
  - **1 Kor 6:19** *Of weet julle nie dat julle liggaam 'n **tempel** is*
  - **Rom 6:17** *Maar ons dank God dat julle wel **diensknegte** van die sonde was...*
  - Hier in **Rom 7** is ons 'n "***VROU***", getroud met Christus.
  - **Kol 1:18** *En Hy is die Hoof van die **liggaam**, naamlik die gemeente...*
  - **Heb 3:6** *... maar Christus as Seun oor sy **huis**. En ons is sy **huis**...*
  - **LET WEL**:-
    - Nie EEN van hierdie items/voorwerpe het lewe in HULSELF nie. Opsigself is elkeen van hierdie voorwerpe dood – hulle het "iets" anders nodig wat LEWE bied.
- Die mens (in die vlees) het steeds begeertes wat uit die vorige huwelik met sonde kom. Dit maak jou nie sondig nie – maar die "voorwerp/vessel" word steeds versoek. *(nie deur God – Jak 1:14)*
  - Jak 1:14 leer ons dat die versoeking nie die sonde is nie, die gedagte is nie die sonde, die gevoel is nie die sonde nie – wanneer ons die siel (ons gedagtes) oorgee aan die vlees, dan word dit sonde !

- Hierdie deel leer ons dat versoeking normaal is, altyd gaan gebeur en dat DIT nie die ware JY is nie, maar die dooie mens in die vlees – die ware jy moet juis hierdie versoeking weerstaan en oorwin.
- Die houer/vessel/liggaam is nie die lewe nie – die lewe is in die gees en in Christus.

Rom 7:25 *Ek dank God deur Jesus Christus, onse Here! So dien ek self dan wel met die **gemoed** (in Engels: **mind**) die wet van God, maar met die vlees die wet van die sonde*

- Hierdie vers begin deur ons te herinner dat ons NIE in die "ellendige mens" vas gevang is nie, dat ons nie met die dooie mens hoef te leef nie. Hy sê "Ek dank God deur Jesus Christus" – Ons word wel verlos !!
- Die volgende aspek van belang is dit:- Ons dien GOD MET ONS VERSTAND !!
- Ons dien hom deur gehoorsaamheid, wat keuses en opofferings impliseer, ons dien Hom nie per toeval nie – maar met ons verstand, ons denke, ons wil.
- Paulus het NIE oorgegee aan die sonde nie – hy het nie met sy vlees EN MET sy gemoed die sonde gedien nie !!
- Baie leringe wil ons vandag oortuig dat die sonde aanvaarbaar is, want ons is vasgevang in die vlees, ons kan voort leef soos ons wil want ons is vry en reeds gered – maar dis 'n vals verdraaiing van wat Paulus sê
- Hy het NIE sy gemoed, m.a.w. sy siel oorgegee aan sonde nie.
- Hy het met sy gedagtes, sy wil en denke (sy siel) die wet van God gedien – dit was sy primêre fokus. Daarom het die sonde van sy vlees nie sy lewe oorheers nie.

TER AFSLUITING:-

Rom 7:8 ... *want **sonder die wet is die sonde dood**.*
AS ONS Christus dien met ons verstand (ons Siel) – dan is ons dood vir die wet; as die wet dood is dan is ook die sonde dood – dan word my sonde in die vlees (*onthou: soos Paulus dit stel: "die dinge wat ek nie WIL doen nie")* my nie toegereken nie ! Dis nie my identiteit nie, dis 'n dooie mens wat ek saammet my dra, dis nie die persoon wat God sien nie.

Die deel van jou wat nog sondig – is 'n dooie mens, dis nie die mens wat jou identiteit vorm nie.
Moet egter nie dat dit 'n verskoning word om aanleiding te gee vir die sonde nie – DIEN GOD MET JOU GEMOED/GEDAGTES/SIEL !!!

ONS KANNIE DIE WET EN GOD DIEN NIE.
ONS KANNIE AAN 2 MANS GETROUD WEES NIE – OM SONDE EN CHRISTUS TE DIEN –IS OM EGBREEK TE PLEEG.

WANNEER ONS EGTER MET DIE GEMOED GOD DIEN, IS DAAR, ONGEAG DIE DOOIE SONDIGE MENS, - GEEN VEROORDELING, MAAR GENADE EN LIEFDE VAN GOD ONS VADER! – ROM 8:1